



6 Junie 2021

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI)-aansoek

'n Sondagkoerant het by die US navraag gedoen oor besluite geneem deur die Senaat en wat betref 'n WBTI (PAIA)-aansoek deur 'n studente-organisasie. Die US het soos volg gereageer:

Kommentaar

Die Universiteit Stellenbosch het met die uitbreek van die COVID-19 pandemie twee oorkoepelende prioriteite gehad: die suksesvolle voltooiing van die 2020-akademiese jaar; en om die US se volhoubaarheid vir die toekoms te verseker. Tot dusver vaar die US uitstekend. Dit blyk uit onder meer die feit dat die US 'n rekordgetal kwalifikasies vir die 2020 akademiese jaar toegeken het. ([Sien skakel](#)). Dit is 'n merkwaardige prestasie, gegewe die omstandighede waarin almal verkeer, maar veral vir dosente en studente.

Toe kontakonderrig verlede jaar opgeskort is, het die US op baie kort kennisgewing oorgeslaan na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (aan die US bekend as ERTLA – met ander woorde van inpersoon onderrig en leer, na aanlyn leer wat onder meer bykomende lesingsmateriaal en potgooie vereis het).

Gegewe die voortgesette omstandighede weens die pandemie en die onsekerheid wat die inperkingsregulasies aan die begin van 2021 meebring het, was die Universiteit met die afskop van die 2021-akademiese jaar in Maart verplig om aanlyn onderrig voort te sit, maar in kombinasie met meer inpersoon onderrig en leer soos moontlik en toelaatbaar. Dit het weer 'n herontwerp van die modules om hierdie nuwe kombinasie van aflewering moontlik te maak, genoodsaak.

Op grond van die praktiese realiteit van tydsbeperkings om leermateriaal meertalig beskikbaar te stel en die ongelooftlike druk op dosente om aanpassings aan leerfasilitering en assessering te maak, is 'n versoek vir die spesifieke afwyking van die fakulteite se taalimplementeringsplanne via die Komitee vir Leer en Onderrig ('n subkomitee van die Senaat waar al die Vise-dekane: Leer en Onderrig verteenwoordig is) gerig.

Hierdie versoek is ook aan die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) voorgelê. Die ABK het dit na die Uitvoerende Komitee van Senaat verwys waar al die dekane verteenwoordig is. Hulle het dit op hul beurt na die Senaat verwys. ([Sien ook die US se verklaring van 23 Maart 2021](#)).

Die Universiteit se personeel en studente het uitstekend aangepas by die nuwe manier van onderrig en leer, nieeenstaande die feit dat onderrig nie in ideale omstandighede kan plaasvind nie. 2020 se graduandi se uitstaande resultate spreek van die besondere toewyding van beide personeel en studente in die pandemietyd.

Wat betref die uitblik van dele van die notules en name:

Sekere inligting is uitgeblok omdat dit buite die bestek van die WBTI-aansoek val en nie versoek is nie. Ander inligting is uitgeblok vir redes wat met persoonlike inligting verband hou. Na aanleiding van hul prokureurs se skrywe op 3 Junie, sal die US met StudentePlein skakel.

EINDE